Kleinfontein Inwoners Vereniging
OPREG – DOELGERIG – ROTSVAS
Adres: Kleinfontein Plaas, Rayton, 1001
Telefoon: 082 579 1363
E-pos: kiv.kleinfontein@gmail.com

18 Maart 2025

Die Direksie en Hoof Uitvoerende Beampte

Kleinfontein Aandeleblok Edms Bpk

Kleinfontein

1001

Afskrif: KA Ouditeur

**EIENDOMSBELASTING KENNISGEWING**

Die middag van 07 Maart 2025 het KA Bestuur ‘n Interne Kennisgewing na al die inwoners via die wyke gestuur waarin hulle dit gestel het dat die aangehegde dokument “die feite rondom bespiegelinge oor Kleinfontein se belastingpligtigheid teenoor Tshwane” bevat. In die dokument is verhoogde Erfbelasting getoon wat toegeskryf is aan die belasting kategorie wat verander is van “Agricultural” na “Non Permitted Use”.

Die KIV versoek dus KA Bestuur om die Artikel 49 Kennisgewing wat op KA beteken was met die gewysigde eiendoms waardes, beskikbaar te stel aan al die inwoners. Verder moet KA Bestuur ook die gewysigde waardasierol toon wat aangeheg moet wees alvorens verhoogde erfbelasting gevorder mag word.

Die KIV se navrae het geen aanvullende waardasierol vir September 2024 opgelewer nie. Die KIV wil ook weet waarom KA Bestuur nie hierdie dokumentasie op enige tydstip aan die inwoners bekikbaar gestel het nie.

KA se erfbelasting is ‘n saak wat nie net KA Bestuur raak nie maar elke inwoner van Kleinfontein. Elke inwoner, beide huurders en aandeelhouers, word deur hierdie verhoogde erfbelasting geraak. Die KA  word met die skrywe op terme geplaas. Die meeste inwoners kan nie hierdie verhoogde tariewe bekostig nie en is ook ten volle bewus dat Die KA en sy huidige bestuur ook nie oor die nodige fondse beskik om hierdie verhoogde uitgawes te betaal nie.

Die KIV verwag verder die groter skok wanneer die werklike verhoogde erfbelasting, volgens die 2025 - 2029 waardasierol, vanaf 01 Julie 2025 aan KA gefaktureer sal word. Die KIV stel KA in kennis dat inligting bekom is wat daarop dui dat KA se huidige uitstaande erfbelasting reeds bykans R 5 mil beloop. Die KIV is dit aan die inwoners en veral die aandeelhouers verskuldig om die waarheid rondom hierdie aangeleentheid bekend te maak omdat KA Bestuur aanhou om die werklike feite aangaande KA se munisipale verpligtinge, te verswyg.

Afwagtend op u antwoordende skrywe binne 5 werksdae.

Die uwe

Namens KIV Bestuur